


# POËSIE

AFRIKAANS HUISTAAL

Mev. F. W. Putter

Graad 7



# POËSIE

- Dit is die genre (**tipe** of klas waartoe 'n literêre werk behoort), wat geskryf word om gevoelens soos emosies, liefde, pyn, toewyding, bewondering, ens. uit te druk.
- Ons gebruik hoofsaaklik figuurlike taalgebruik, beeldspraak, klankeffekte, gevoelstaal en ritme, om gedagtes en gevoelens te skep.
- Gewoonlik skryf ons dit in 'n spesifieke vorm deur versreëls en strofes te gebruik. Vrye versvorm kan ook gebruik word.

**Susarah kla** - deur Adri Troskie-Vivier

"Ek dink nie dis fair en square ..."

"Ja, Susarah," vra Ma,

"en wat is dit wat dié keer pla?"

"Ek het g'n -soos almal-'nau pair!"

"Dis hoekom ek tuis bly, Susarah."

"Ek dink Ma moet nou 'n regte job kry en minder met my en die molle stry.

Maar dis glad nie al wat pla ...

"Ek het ook g'n shauffeur wat my rondry

In 'n cute karretjie met 'n afslaankap.

Ek het nog nie in Parys of Milaan rondgestap óf 'n outfit van Errol of Gert gekry.

"En hoekom is my naam Su-sa-rah en nie Jacqui, Ruby of Shelainne?

My naam is lame, dit gee my 'n pyn, ek gaan dadelik 'n nuwe ID vra!

"Ma weet, PG13 is so passé

en my baby fat maak my genuine stress, ek móét net aansluit by Weigh-Less en 'n sel mét kamera en internet kry!"

"Wat van die maan? Of Tom Cruise op Robbeneiland?

Jy kyk fliék, jy't Cell C en Bloubergstrand!

Wanneer sal Susarah ophou bla-bla kla?"

"Sjoe, Ma! Relax, Ma! Ek't maar net gevra!"

# TITEL / OPSKRIF

- ✿ Dit is die begin van 'n gedig (die naam van die gedig).
- ✿ Dit vertel ons waarom die gedig gaan/handel.
- ✿ 'n Titel of opskrif vervul 'n belangrike funksie.
- ✿ As jy die opskrif verstaan, verstaan jy die gedig.

*(TEMA = die hoofgedagte van die gedig)*

T  
i  
t  
e  
l



# VERSREËLS

- ✿ `n Gedig bestaan uit reëls.
- ✿ Een reël word `n versreël genoem.

R  
e  
ë  
l  
s



**STROFE = twee of meer versreëls van 'n gedig.**

## STROFE-INDELING

**Koeplet: TWEE opeenvolgende versreëls**

**Tersine: strofe met DRIE versreëls**

**Kwatrjn: strofe met VIER versreëls**

VYF versreëls word 'n KWINTET genoem. SES versreëls word 'n SEKSTET genoem.

AGT versreëls noem ons 'n OKTAAF.

**Sonnette**: (bestaan 14 versreëls)

- **Italiaanse sonnet** – eerste agt versreëls vorm die oktaaf

Die laaste ses vorm die sestet

Die oktaaf gee 'n beeld of beskrywing / die sestet gee 'n verdieping of toepassing.

- **Engelse sonnet** – drie kwatryne en rymende eindkoeplet.

S  
t  
r  
o  
f  
e



# STYLFIGURE

## Vorms van Stylfigure of beeldspraak:

**Vergelyking** Ons vergelyk twee dinge /sake met mekaar en gebruik nes; soos; net soos; as; asof


So skelm soos 'n jakkals.



### **Metafoor**

Ons vergelyk twee dinge of sake direk met mekaar – gewoonlik met die woordjie: **is**  
Dit is 'n beeld /vorm van taalgebruik, waar een ding gebruik word om 'n ander een met soortgelyke eienskappe te beskryf

Die **skelm** is 'n **jakkals**.



S  
t  
y  
l  
f  
i  
g  
u  
r  
e



# STYLFIGURE

## Vorms van Stylfigure of beeldspraak:



### Personifikasie

Menslike eienskappe word aan 'n dier of nie-lewende voorwerp, gegee.



Die **ster knipoog** vir die maan!

Die **wind vou sy arms** om my!

### Alliterasie

Herhaling van die dieselfde **medeklinker** / konsonante

**Sannie sê, Sannie sal sewe sakke sout sleep ...**

### Assonansie

Wanneer die vokale van twee of meer woorde herhaal word

Ek het 'n **oeter**, op my watersk**oeter**!

Speel **meer**, gee **meer**, leef **meer**!



S  
t  
y  
l  
f  
i  
g  
u  
r  
e



# STYLFIGURE

## Vorms van Stylfigure of beeldspraak:

### Ellips... (beletselteken)

Die digter laat woorde weg om die leser se **aandag op iets te fokus** of om die sin meer dramaties te maak!

'n Sin word dus onvoltooid gelaat word, as gevolg van die weglaat van woorde.

Die skoolhoof knik, en toe... ooo

### Enjambement

Die sin **eindig nie met die laaste woorde van die reël** nie, maar loop oor in die volgende reël.

- dit lei die aandag van die rym weg.
- Dit kan die tempo van die gedig versnel / vinniger maak of vertraag / stadiger maak.

S  
t  
y  
l  
f  
i  
g  
u  
r  
e





# STYLFIGURE

## Vorms van Stylfigure of beeldspraak:

### **Herhaling / Repetisie**

Herhaling van klanke, woorde, sinne, versreëls en strofes. Dit **beklemtoon/versterk** 'n idee."

**Blomme, blomme, blomme, gerwe vol blomme, net waar jy kyk!**

### **Sarkasme**

Alhoewel die digter iets op 'n humoristiese manier sê, is dit skerp en dikwels die Waarheid en is dit 'n bytende, bittere spot of minagting, **met die doel om op persoonlike vlak te skok of seer te maak!**

Nou toe nou, is jy ook hier? (Neerhalende verwysing)

Haai nooit, wie sou nou kon dink jy kan somme doen?



S  
t  
y  
l  
f  
i  
g  
u  
r  
e



# STYLFIGURE

## Vorms van Stylfigure of beeldspraak:

**Onomatopee:** Dit is woorde wat **klanke namaak** en word geskryf **soos wat dit klink**.



Die bye zoem verby.



'n Slang **sis** in die bos.



Die vuurtjie **knetter**.

### Hiperbool:

- o om te vergroot/te oordryf om iets indrukwekkend te maak en om sterk gevoelens te beklemtoon
- o is 'n 'n vorm van ironie, waarin oordrywing gebruik word vir klem of effek; 'n buitensporige verklaring. bv.

*Ek is so honger, ek kan 'n hele bees eet!*

*Ek het jou al 'n miljoen kere gewaarsku!*

*Ek wag al 'n jaar lank vir jou om te kom.*

S  
t  
y  
l  
f  
i  
g  
u  
r  
e



# STYLFIGURE

## Vorms van Stylfigure of beeldspraak:

### Retoriese vraag

Die digter vra 'n vraag, waarop hy nie 'n antwoord verwag nie, want die antwoord is logies

Dit word gebruik om die gedig dramaties te maak en die leser word direk betrek, terwyl die digter bloot sy mening gee, bv.

“Wanneer sal dit tog in jou kop ingaan?”

“Het ek nie vir jou gewaarsku dat dit sal gebeur nie?”

S  
t  
y  
l  
f  
i  
g  
u  
r  
e



# STYLFIGURE

## Vorms van Stylfigure of beeldspraak:

### Paradoks /Paradoksale teenstelling

Dit is 'n skynbare teenstelling; 'n indirekte kontras.

Op die oog af lyk dit teenstrydig, maar as jy dit bietjie ondersoek, ontdek jy die dieperliggende waarheid.

bv. Om die **waarheid** te praat, moet ek **lieg**.  
Stilbly is ook 'n antwoord.  
Veg vir vrede



S  
t  
y  
l  
f  
i  
g  
u  
r  
e



# STYLFIGURE

## Vorms van Stylfigure of beeldspraak:

**EUFEMISME** Dit is die versagting van die harde werklikheid;

in plaas van: **Jy lieg.** - **Jy laat die waarheid skuins lê.**

**IRONIE** Die ironiese woorde moet dus nie letterlik opgeneem word nie. Oor die spotelement word dit ook spotspraak genoem. Ironie is wanneer iemand, om groter effek te kry, spottenderwys die teenoorgestelde sê van wat hy of sy bedoel.

**ANTITESE** Twee uiterstes word direk teenoor mekaar gestel om deur middel van kontras te beklemtoon. bv. die soet en suur van die lewe.

**PROGRESSIE** In 'n goeie gedig is daar altyd progressie. Progressie dra daartoe by dat die leser die gedig enduit wil lees. bv. vererg, vervies, kwaad word, woede-uitbarsting

S  
t  
y  
l  
f  
i  
g  
u  
r  
e



# RYM

## Rymskema:

**Paarrym** bv. aa bb

**Kruisrym** bv. abab

**Omarmde rym** bv. abba

**Gebroke rym** bv. abcba

### ANDER:

**Geen vaste rympatroon** bv. abcd efgg addh

**Vrye vers** bv. wanneer geen woorde opsigtelik rym nie

**Binnerym** bv. wanneer woorde binne 'n versreël met mekaar rym

**Ritme** - Dit is die musiek in poësie, die beweging, die vloei of die "dans".

Dit dra betekenis, stemming en toon van die gedig - hoe die gedig voorgedra word.

**Metrum** - vaste ritmiese patroon, gebaseer op beklemtoonde en onbeklemtoonde lettergrepe



R  
Y  
M

